# Vrae wat saakmaak

## Uitgawe 76: November 2016



"*Al die mens se ellende spruit voort uit die feit dat hy nie stil en alleen in 'n kamer kan sit nie*". Blaise Pascal (19 Junie 1623 - 19 Augustus 1662) was 'n Franse wiskundige, fisikus, uitvinder, skrywer en Christelike filosoof. Voorwaar 'n man met vele belangstellings; lees meer op die Web hier.

Miskien is filosowe beter daarmee as enigiemand anders om êrens rustig alleen te sit (dalk is dit deel van hul posbeskrywing). Hulle lees iets en dink daaroor terwyl hulle by 'n venster uitstaar. Miskien trek hulle ook aan hulle oorlelle en tik met hulle vingers op die tafel?

Om niks te doen is 'n soort van nagmerrie vir die meeste van ons. Wanneer daar geen afleiding, boeke, selfone of iPads is nie, is ons geneig om vinnig verveeld te raak. Vir sommige van ons is dit baie swaar. Dit is 'n interessante kwessie wat deesdae min aandag kry. Sommige spekuleer: om in verveling te leef, is om rou tyd te ervaar, d.w.s. om in die oomblik te leef en die volle gewig van jou sterflikheid en die verloop van tyd te beleef. Terloops, die spotprent het ek by die wyle Bernard Schoenbaum geleen wat lank tot die *New Yorker* bygedra het.

### Vrae wat saakmaak

Om te dink en vrae te vra gaan hand aan hand. Meestal is basiese of eenvoudige vrae goeie vrae. Hierdie vrae kan ons iets leer. Tog voel mense verleë of voel dat dit nie die moeite werd is om te vra nie. Wat meer is, ons ervaar basiese vrae as alledaags – navrae so eenvoudig dat dit tydmors is. Dit het tot die bekende verdediging van die basiese vraag gelei: "Daar is nie so iets soos 'n dom vraag nie."

Maar daar is dom vrae, of ten minste vrae wat nie saak maak nie. M.a.w. jy het **'n skraal** kans om iets uit die antwoorde op die vrae te leer. Dit sluit aanleidende, vleiende en ander stellings in wat vermom is as vrae. Terwyl hulle skadeloos mag klink, verhoed dit ons om 'n beter begrip van die wêreld rondom ons te ontwikkel. So, hoe kan ons beter vrae met meer impak formuleer? Let op die illustrasie/grafiek in die teenoorgestelde kolom. Dit blyk dat daar 'n korrelasie is tussen die aard van 'n vraag en die waarskynlikheid om iets te leer.

### Wat maak nou eintlik saak?

Dink vir 'n oomblik. Ons weet almal dat tyd 'n beperkte hulpbron is. Sommige dinge kan geforseer, herskep, of elders herhaal word, maar nie tyd nie. **Wanneer tyd gemors is, kan jy dit nie terugkry nie.**

Gelukkig (vir sommige dalk ongelukkig) neem die belangrikste dinge in die lewe tyd in beslag en kan dit nie eensklaps geskep of ingedruk word nie. Verhoudings, jou gesondheid, finansiële onafhanklikheid en geestelike volwassenheid vereis klein deposito's op 'n deurlopende basis – dit neem doodeenvoudig tyd. Hierdie dinge is kumulatief van aard en neem deurlopend TYD:

- Verhoudinge: huwelik, kinders ens.
- Jou gesondheid: om gereeld te oefen en reg te eet;
- Finansies: spaar, of 'n goeie rentmeester van jou welvaart te wees;
- Geestelike groei: om tyd te maak om af te skakel en te besin oor jou lewe en huidige posisie.

Ons kan nie finansiële onafhanklikheid deur 'n enkele deposito bereik nie. Al die bogenoemde is geskoei op dieselfde beginsel.


### Finansiële vrae met impak

Dikwels *vertel* ons i.p.v. om relevante vrae te *vra* oor waar ons vandaan kom, waarmee ons besig is en waarheen ons oppad is; dus die **verlede, hede en toekoms**. Die vraag is dalk nie wat die regte ding is om te doen nie, maar wat die wyse ding is om te doen?

Die geval is dat eenvoudige vrae (maar tog reguit), 'n moeilike antwoord sou kon oplewer. Byvoorbeeld, sulke vrae kan wees:

1. Wat doen ek met my lewe? Wat is my doelwitte en wat wil ek bereik? Wil ek 'n goeie pa/man wees? Wil ek 'n suksesvolle loopbaan hê? Wat beteken sukses vir my?
2. Hoeveel is genoeg?
3. Indien ek nie van vandag af meer kan werk nie, in watter finansiële posisie is ek, of plaas ek my afhanklikes/erfgename? Sal ek in staat wees om my lewe te onderhou en om na my vrou/man of familie te kan kyk?

Miskien is dit nie vir jou belangrik nie, maar dalk is dit iets waaroor iemand anders bekommerd is. In elk geval, die punt is dat ons moet probeer om pro-aktief te wees en voortdurend familielede by konstruktiewe gesprekke betrek by dinge wat in ons lewe saakmaak.




### Seisoengroete

Nog 'n jaar het voor ons verbygerol. 2016 was beslis in baie opsigte opspraakwekkend. Ons jong demokrasie het op al sy silinders gevuur! Kom ons almal hoop vir 'n beter Suid-Afrika. Te midde van die onstuimigheid is dit altyd nuttig om perspektief te behou en te verhoed dat die sensasionele koerantopskrifte ons gemoed oorheers. Markte reageer irrasioneel en dit is moeilik (en miskien gevaarlik) om besluite met 'n beduidende finansiële impak op korttermyn bewegings te maak. Wat is die waarskynlikheid dat jy verkeerd is!?

Soos altyd, wil ons ons kliënte vir hul lojaliteit bedank. Ons waardeer hierdie verhoudinge oor soveel jare. Geseënde Kersfees en geniet die feestyd. Ons vertrou dat u tyd maak om te dink oor die dinge wat eintlik saakmaak en waaroor ons beheer het.

Alle opmerkings is die persoonlike siening van sleutel-individu(e) by Afrafin (Edms) Beperk. Terwyl opinies eerlik bedoel word, is dit nie 'n waarborg nie. Die inligting wat hier weergegee word moet dus nie as spesifieke advies aanvaar word nie – niemand behoort hierop besluite te neem nie. Ons moedig enige iemand aan om ons te kontak indien u vrae het.